PERSVRYSTELLING
VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

1 Februarie 2011

PSG ASSET MANAGEMENT HERPOSISIONEER BINNE PSG KONSULT

'n Nuut saamgestelde PSG-batebestuursmaatskappy gaan eersdaags die lig sien, is vandag bekend gemaak.

PSG Asset Management, wat voorheen bestaan het uit PSG Fund Management, PSG Alphen, PSG Tanzanite, PSG Absolute Investments en PSG Future Wealth, gaan effektief 1 Maart as 'n enkele handelsmerk onder leiding van die onafhanklike finansiële dienstemaatskappy, PSG Konsult, sake doen.

Dit volg uit 'n herstrukturering van finansiële dienstebedrywighede binne die PSG Groep, ingevolge waarvan die ervaring en batebestuursvernuf van die fondsbestuurders binne PSG by die bewese bestuurskundigheid van PSG Konsult gevoeg word.

PSG Asset Management sal langs PSG Online onder die banier van PSG Konsult geposisioneer word, met die drie entiteite wat aanvullend tot mekaar sal funksioneer. Die klem sal egter steeds op onafhanklikheid val, elk onder sy eie uitvoerende hoof en direksie.

PSG se batebestuursbedrywighede was tot nou in 'n aantal batebestuur-boutiekspanne saamgevat, wat aangevul is met gewaarborgde produkte, 'n effektetrust-bestuursmaatskappy, 'n gekoppelde lewenslisensie en 'n gekoppelde beleggingsdienste-verskaffer. Hierdie spanne sal nou onder 'n enkele sake-entiteit, PSG Asset Management, val.

Ná die herstrukturering en "oprol" van minderhede sal PSG Groep 'n belang van 72% in die hersaamgestelde groep hou, met drie handelsmerke - PSG Konsult, PSG Online en PSG Asset Management - wat die groep se belange in die finansiële-dienstesektor verteenwoordig.

Willem Theron, uitvoerende hoof van PSG Konsult, het gesê die herstrukturering maak baie sin as die ontwikkelingsfases van beide maatskappye in ag geneem word. In wese was dit 'n natuurlike proses wat uit die behoeftes van beide maatskappye gevloei het.

Terwyl dit die struktuur en ruimte skep vir PSG Konsult om verder in die finansiële-dienstesektor te groei, gee dit aan PSG Asset Management die geleentheid om 'n vereenvoudigende struktuur te skep, 'n enkele batebestuurshandelsmerk daar te stel en veral batebestuursnavorsing te sentraliseer en wyer aan die mark beskikbaar te stel.

"Dit bied aan ons die geleentheid om deur die benutting van sinergieë die gehalte van dienslewering aan kliënte te verbeter.

Theron het beklemtoon dat hoewel die drie handelsmerke onder die banier van PSG Konsult sal val, die drie maatskappye steeds op 'n onafhanklike manier sake sal doen. Die samevoeging is 'n manier om hulpbronne en vaardighede te deel ten einde die dienslewering verder te verbeter.

"Die stappe wat nou geneem is, lei 'n nuwe tydvak in vir PSG Konsult om 'n nóg groter rol in die finansiële-dienstesektor te speel," het Theron gesê.

Einde

Uitgereik deur MediaVision namens PSG Konsult

Media navrae

Willem Theron
Tel: (028) 316 4735
Sel: 082 557 2132
E-pos: willem@psgkonsult.co.za

Gerhard Cloete
MediaVision
Sel: 083 300 6850
E-pos: gerhard@mediavision.co.za